

1 April

Skrifgedeelte: Matteus 26:6-16, 69-75
Fokusgedeelte: Matteus 26:14-16, 74-75

Mense reageer op Jesus se beplande sterwe (1)

Twee van sy binnekring-dissipels laat Jesus in die steek die dag voor sy sterwe –

- *Judas Iskariot* met veragting – ná die gebeure in Betanië die Woensdag voor Goeie Vrydag, kon hy dit nie langer uitstaan nie (Matt 26:6–16). Jesus se doelbewuste gewilligheid om sonder weerstand te gaan ly en sterf, het hom diep gegrief. As lid van die Selote-party het hy van die Messias verwag om die Romeine daadkrachtig uit Jerusalem te verdryf!
- *Simon Petrus* met lafhartigheid – driemaal ontken hy heftig – naderhand al swetsend en swerend! – dat hy Jesus hoegenaamd ken. Die einste dissipel wat heftig verklaar het: “*Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!*” (vs 35).

Verraad en verloëning: Wat is die verskil, wat is die ergste? In wese kom dit op dieselfde neer: beide binnekringers staan weg van hulle Meester. Tog is daar ook 'n verskil – verraad verloën liefde; verloëning verraaï vrees. Die afloop daarvan is ook wyd uiteenlopend – verraad eindig in wroeging en selfmoord; Handelinge 1:18, 19 verloëning loop uit op vergiffenis en herstel (Joh 21:15-17).

Ons leer hieruit iets van die verskil tussen wroeging en berou. Wroeging bly broei in die binneste, berou bring belydenis. Judas bly weggaan van Jesus af, al verder en verder, Petrus keer terug na Jesus op die strand van die See van Tiberias.

Jy en ek het ook al vir Jesus verraaï – dalk saam met ander van Hom geskinder om die braaivleisvuur? Ons het Hom ook al verloën – dalk stilgebly toe die ander van Hom geskinder het? Jy sal weet. Die geheim hiermee is om met opregte berou na Hom terug te keer en vergiffenis te ontvang. Daarvoor het Hy sy bloed gegee en die dood oorwin.

Sing: Psalm 130:2, 4 (1936)

Ds J Botha (Laeveld)